education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AARDRYKSKUNDE V2

## MODELVRAESTEL

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

**PUNTE: 75**

**TYD: 1,5 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**147 2 A**

| SENTRUMNOMMER: |
| --- |
| |

| EKSAMENNOMMER: |
| --- |
| |

**HULPBRONMATERIAAL:**

- Uittreksel uit die topografiese kaart 2826BB VIRGINIA
- Ortofotokaart 2826 BB 14 MELODING

LET WEL: Die hulpbronmateriaal moet deur die skole ingeneem word vir hulle eie verdere gebruik.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Skryf jou sentrum- en eksamennommer in die spasies op elke bladsy voorsien.

2. Beantwoord AL die vrae op hierdie vraestel.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Kandidate moet eers die 1:50 000 TOPOGRAFIESE KAART 2826BB VIRGINIA en die ORTOFOTOKAART 2826BB 14 MELODING bestudeer voordat die vrae beantwoord word.

5. Die ligging van die verskynsels word deur letters op die topografiese kaart aangedui, terwyl nommers op die ortofotokaart gebruik word.

Die volgende Afrikaanse terme, of hulle Engelse vertalings, verskyn op die 1:50 000 topografiese kaart.

| AFRIKAANS | ENGLISH |
| --- | --- |
| Voor | Canal/Furrow |
| Begraafplaas | Cemetery |
| Hospitaal | Hospital |
| Myn | Mine |
| Skag | Shaft |
| Kampeerterrein | Camping site |
| Slikdam | Slimes dam |
| Gholfbaan | Golf course |
| Kalksteen | Limestone |
| Inryteater | Drive-in theatre |
| Vliegveld | Aerodrome/Airport |
| Oortappunt | Siphon |
| Rivier | River |
| Noord | North |
| Skougronde | Show grounds |
| Studam of stuwal | Weir |

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

## VRAAG 1

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) van die korrekte antwoord in die blokkie aan die regterkant van die vraag (1.1 - 1.10) neer.

1.1 Virginia is in die ...-provinsie geleë.

A Gauteng
B Noord-Kaap
C KwaZulu-Natal
D Vrystaat

1.2 Die gemiddelde magnetiese deklinasie in Julie 2001 was ... wes van ware noord.

A 19º 20'
B 19º 44'
C 19º 32'
D 07º 32º

1.3 Die pad R73, noordwes van Virginia, lei na ...

A Hennenman.
B Winburg.
C Theunissen.
D Welkom.

1.4 Die twee primêre ekonomiese aktiwiteite wat hoofsaaklik in hierdie omgewing voorkom, is ...

A mynbou en landbou.
B mynbou en die visbedryf.
C landbou en bosbou.
D mynbou en bosbou.

1.5 Die hoogte van Virginia is ... meter.

A ongeveer 1 400
B 2 826
C tussen 1 300 en 1 340
D tussen 1 280 en 1 300

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

1.6 Op die 1:50 000 kaart, direk suidwes van die 2826BB Virginia topografiese kaart, is ...

A 2827AC.
B 2826BC.
C 2727CC.
D 2726DC.

1.7 Kies die VERKEERDE antwoord hieronder.

Dit is makliker om die inligting op 'n ortofotokaart te interpreteer as op 'n 1:50 000 topografiese kaart omdat ...

A die skaal van die ortofotokaart groter is.
B die name van sekere kenmerke op die ortofotokaart gedruk is.
C die kontoertussenruimte van die ortofotokaart 20 meter is.
D kontoerlyne op die ortofotokaart gedruk is.

1.8 Die kontoertussenruimte op die topografiese kaart is ... meter.

A 30
B 50
C 10
D 20

1.9 Die tipe landbou wat grotendeels in hierdie omgewing bedryf word soos op die ortofoto- en topografiese kaart aangedui, is ...-boerdery.

A melk
B kommersiële graan
C bestaans
D vrugte

1.10 Die mineraal wat hoofsaaklik hierdie gebied ontgin word, is ...

A goud.
B koper.
C diamante.
D steenkool.

**(10 x 2) [20]**

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

**VRAAG 2**

2.1 Bereken die afstand in km van die pad gemerk 9 op die ortofotokaart. Dui ALLE berekeninge aan.

______________________________

______________________________

______________________________

(4 x 1) (4)

2.2 Kenmerk C (in ruit E10) dui 'n vleiland op die plase Bloemhoek en Doornrivier aan. Hoekom is dit belangrik om vleilande te bewaar en nie vir landbou te gebruik nie?

______________________________

(1 x 2) (2)

2.3 Identifiseer en benoem die volgende FISIESE kenmerke op die topografiese kaart:

2.3.1 A: (in ruit C11) die erosiekenmerk

______________________________

(1 x 2) (2)


2.3.2 J: (in ruit K11) die riviertipe (permanent, periodies of episodies)

______________________________

(1 x 2) (2)

2.3.3 N tot O: kies die korrekte deursneetekening, (i) OF (ii).

(i) (ii)



______________________________

(1 x 2) (2)

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

2.3.4 Noem DRIE sytakke van die Sandrivier.

________________________________________

(3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die plaas Nuwemoed by die volgende koördinate (ligging) en beantwoord die daaropvolgende vrae:

28º 07' 12" S
26º 57' 15" O

2.4.1 Watter tipe boerdery (intensief of ekstensief) word op Nuwemoed bedryf?

________________________________________ (1)

2.4.2 Noem TWEE kenmerke van dié tipe boerdery om jou antwoord in VRAAG 2.4.1 te staaf.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(2 x 2) (4)

2.4.3 Waarom vind daar geen saaiboerdery in die gebied tussen die kanaal en die Sandrivier plaas nie? Gee EEN moontlike rede.

________________________________________

(1 x 2) (2)

2.5 2.5.1 Bereken die helling vanaf hoogtepunt 1366 (blok G10) tot by peilbaken 32 (blok D9).

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(4 x 1) (4)

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

2.5.2 Kies EEN van die volgende sinne om die helling wat jy in VRAAG 2.5.1 bereken het, te beskryf:

(a) Die helling is baie steil.
(b) Die helling is redelik steil.
(c) Die helling is baie geleidelik.

______________________________________________
(1 x 2) (2)
**[31]**

**VRAAG 3**

3.1 Identifiseer die kulturele (mensgemaakte) kenmerke 1, 2 en 6 soos op die orto-fotokaart aangedui.

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
(3 x 2) (6)

3.2 Bestudeer die gebied in en om Virginia. Noem DRIE ontspanningsaktiwi-teite wat tot die beskikking van die dorpsbewoners van Virginia is.

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
(3 x 2) (6)

3.3 Grootskaalse skade word deur die mynboubedrywighede aan die omgewing rondom Virginia aangerig. Hoe kan hierdie skade aan die omgewing herstel of voorkom word? Maak EEN voorstel.


______________________________________________
(1 x 2) (2)

| SENTRUMNOMMER: | | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|---|
| | | |

3.4 Lees die volgende aanhaling oor Virginia uit 'n nuusberig wat op Donderdag, 24 Februarie 1994, verskyn het en bestudeer die bygaande sketskaart.

**DIE NAG TOE DIE MODDER GEKOM HET**

Die massa water wat na die wolkbreuk Dinsdagaand in die slikdam by Virginia gestort is, het waarskynlik die damwal laat breek en die modderbranders tot dakhoogte oor die huise van die myngemeenskappie laat stroom. Die wolkbreuk het omstreeks nege-uur Dinsdagaand voorgekom en het die damwal aan die onderkant laat oopbreek en die druk van die massa slik het 'n opening van sowat 50 meter uit die damwal geruk.
Die skade is astronomies en het ongelooflike pyn en lyding vir honderde mense veroorsaak. Merriespruit, wat die naaste aan die damwal geleë is, is maar sowat 320 meter van die damwal af. Die moddermassa het in twee strome van ongeveer 425 meter wyd oor die dorpie gespoel.




3.4.1 Watter voorstad van Virginia is deur die tragedie geraak?

______________________________

(1 x 2) (2)

3.4.2 Gee die blokverwysing (op die topografiese kaart) van hierdie voorstad.

______________________________

(1 x 2) (2)

| SENTRUMNOMMER: | EKSAMENNOMMER: |
|---|---|
| | |

3.4.3 Watter dam X, Y of Z op die topografiese kaart, het die ramp veroorsaak?

____________________________________________

(1 x 2) (2)

3.4.4 Noem TWEE ander voorbeelde van massa-afvoer van grond wat onder die invloed van swaartekrag of swaartekrag en water kan plaasvind.

____________________________________________

____________________________________________

(1 x 2) (2)
**[24]**

**TOTAAL: 75**

Kopiereg voorbehou